| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | REKENINGKUNDE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14<br>(INGESLUIT 'N FORUMULEBLAD EN 'N 11 BLADSYE ANTWOORDBOEK) |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg hulle presies.

1. Antwoord **ALLE** vrae.
2. 'n Spesiale **ANTWOORDBOEK** word voorsien waarin **ALLE** vrae beantwoord moet word.
3. Toon **ALLE** bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donkergrys potlood of blou/swart ink gebruik om vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon **ALLE** berekeninge tot **EEN** desimale punt.
7. As jy kies om dit te doen, kan jy die Finansiële Aanwyser Formuleblad aangeheg aan die einde van hierdie vraestel gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is **NIE** verpligtend nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om **NIE** daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Staat van Omvattende Inkomste en Behoue Inkomste Nota | 55 | 45 |
| **2** | Kontantvloeistaat en Finansiële aanwysers | 45 | 35 |
| **3** | Interpretasie van Finansiële Inligting | 35 | 30 |
| **4** | Ouditverslae en Korporatiewe Bestuur | 15 | 10 |
| | **TOTAAL** | **150** | **120** |

**VRAAG 1: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN BEHOUE INKOMSTE NOTA**
**(55 punte; 45 min)**

**COLOUR BIKE BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025.

**GEVRA:**

1.1 Stel die Behoue Inkomste Nota vir die Staat van Finansiële Posisie op. (10)

1.2

1.2.1 **Verwys na Inligting A en B (i):**

- Bereken die totale waardevermindering vir die jaar. (7)
- Wins/verlies met verkoop van vaste bate. (3)

1.2.2 **Verwys na Inligting A en B (ii):**

Bereken die handelsvoorraad surplus/tekort. (5)

1.3 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. (30)

© SACAI KOPIEREG

**INLIGTING:**

**A. Die volgende saldo's/totale het op 30 Junie in die boeke verskyn:**

| **Balansstaatrekeninge** | **2025** | **2024** |
|---|---|---|
| Gewone Aandelekapitaal | 7 250 000 | |
| Behoue inkomste | ? | 1 820 000 |
| Lening: BLUE Bank | 1 984 000 | 2 300 000 |
| Voertuie | 4 220 000 | |
| Toerusting | 968 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | ? | 1 325 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | ? | 327 000 |
| Vaste deposito: GOLD Bank | 1 150 000 | |
| Handelsvoorraad | 2 340 000 | |
| Debiteurekontrole | 668 000 | |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings) | 647 250 | |
| Krediteurekontrole | 629 000 | |
| Aandeelhouers vir dividende | ? | 427 500 |
| **Nominale rekeninge** | | |
| Verkope | 13 500 000 | |
| Koste van verkope | ? | |
| Kommissie-inkomste | 589 070 | |
| Salarisse en Lone | 2 740 000 | |
| Ouditfooie | 356 250 | |
| Diverse bedryfsuitgawes | 252 500 | |
| Verbruiksgoedere | 815 800 | |
| Direkteursfooie | 1 278 800 | |
| Rente-inkomste: Vaste deposito (balanserende syfer) | ? | |
| Dividende op gewone aandele | 675 000 | |

**B. Aansuiwerings en addisionele inligting:**

**i.** Geen inskrywings is gemaak vir waardevermindering en die verkoop van vaste bate nie.

**Let wel:** Die kosprys van R40 000 vir die bateverkope transaksie van toerusting is aangeteken.

**Voertuie**

Verminder waarde teen 20% p.j. op kosprys.

Geen nuwe voertuie is gekoop of verkoop gedurende die finansiële jaar nie.

**Toerusting**

Verminder waarde teen 15% p.j. teen die verminderde saldo metode.

**Let wel:** Toerusting is op 31 Januarie 2025 verkoop.

© SACAI KOPIEREG

Vastebateregister besonderhede is soos volg:

| | |
|---|---|
| Kosprys | R40 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op 1 Julie 2024 | R18 000 |
| Verkoopprys | R22 500 |

**ii.** Fietse word gewaardeer deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. Die voorraadrekords is soos volg:

| **Model** | **Begin voorraad** | **Aankope** | **Kosprys per eenheid** | **Verkoop** | **Eind voorraad** |
|---|---|---|---|---|---|
| Momsen | 200 | 1 400 | R6 750 | | 275 |
| Avalanche | 0 | 640 | R3 500 | 550 | **?** |

**iii.** Die besigheid gebruik ’n winsopslag van 150% op kosprys. Handelskorting ten bedrae van R275 000, is toegestaan op die verkoop van goedere en is aangeteken.

**iv.** ’n Inskrywing van R28 800 aangeteken vir verbruiksgoedere wat op 27 Junie 2025 aan ’n krediteur teruggestuur is. Die kredietnota ontvang van die krediteur toon ’n bedrag van R21 600 wat korrek is. Herstel die fout. Verbruiksgoedere voorhande aan die einde van die jaar beloop R18 000.

**v.** Die maatskappy het vier direkteure. Elkeen van hulle ontvang dieselfde maandelikse fooi. Twee van die direkteure het hul fooie vir die hele jaar ontvang. Een direkteur het sy fooie vir slegs nege maande ontvang en die ander direkteur het reeds sy fooie vir Julie 2025 ontvang.

**vi.** 25% van die ouditfooie is nog uitstaande.

**vii.** Kommissie-inkomste word kwartaalliks ontvang. Die laaste kwartaal van April tot Junie is nog uitstaande. Colour Bike Bpk. verkoop produkte namens Funky Socks en ontvang ’n R35 transaksiefooi per produk verkoop. In die vorige kwartaal is altesaam R196 000 ontvang. Hierdie kwartaal is daar ’n afname in verkope met 450 produkte.

**viii.** Ingesluit by Diverse bedryfsuitgawes was ’n Sekuriteitskontrak wat onderteken is om die perseel te bewaak. ’n Maandelikse premie van R12 500 is betaal vanaf 1 November 2024. Die premie het met 6% verhoog vanaf 1 Januarie 2025. Die kontrak is tot 1 November 2025 betaal.

**ix.** Maak voorsiening vir rente op die lening. Die staat ontvang van Blue Bank dui maandelikse terugbetalings van R38 500 aan. Dit sluit gekapitaliseerde rente in.

**x.** Die inkomstebelastingkoers is 32% van die netto wins. ’n Bedrag van R32 750 is steeds aan die SAID verskuldig.

**xi. Aandelekapitaal en dividende:**

- 80 000 aandele is op 31 Maart 2025 teen R6,90 elk teruggekoop. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir finale dividende nie.
- Geen nuwe aandele is in die huidige finansiële jaar uitgereik nie.
- Op 30 Junie 2025 was daar 1 450 000 uitgereikte aandele.
- Tussentydse dividende is op 31 Desember 2024 betaal.
- Finale dividende van 25c per aandeel is op 30 Junie 2025 verklaar.

**55**

© SACAI KOPIEREG

Blaai asb. om

## VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS (45 punte; 35 min)

**2.1 Kies die korrekte woord(e) onder dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord/e langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.**

2.1.1 Ongebruikte verbruiksgoedere aan die einde van die finansiële jaar word as 'n (finansiële bate/bedryfsbate) geklassifiseer.

2.1.2 Rente op lenings word as 'n (bedryfsaktiwiteit/finansieringsaktiwiteit) beskou.

2.1.3 'n Maatskappy wat sy inkomste en uitgawes behoorlik beheer, sal (solvent/winsgewend) wees. (3)

**2.2 GREEN APPLE BPK.**

Die inligting het betrekking op Green Apple Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2025:

- Skuld-Ekwiteitsverhouding (3)
- Verdienste per aandeel **(verwys na inligting D)** (4)
- Netto batewaarde (4)
- % Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang (4)

2.2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat op 28 Februarie 2025. (27)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel van inligting uit die Staat van Omvattende Inkomste op 28 Februarie 2025:**

| | |
|---|---|
| Waardevermindering | 234 000 |
| Rente uitgawe | 88 000 |
| Inkomstebelasting | 415 200 |
| Netto wins na belasting | 968 800 |

**B. Uittreksel van inligting uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie:**

| | **2025** | **2024** |
|---|---:|---:|
| Vaste bates (drawaarde) | 9 528 300 | 8 320 300 |
| Vaste deposito | | **?** |
| Bedryfsbates | 1 002 000 | 755 000 |
| Kontant en Kontantekwivalente | 56 500 | 5 000 |
| **Aandeelhouersbelang** | **?** | **7 411 500** |
| Gewone Aandelekapitaal | 8 281 000 | 7 200 000 |
| Behoue Inkomste | 699 300 | 211 500 |
| Lening: Orchard Bank | 900 000 | 1 200 000 |
| Bedryfslaste | 750 000 | 963 800 |
| Oortrokke Bank | 0 | 220 000 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 4 500 (dt.) | 23 800 (kt.) |
| Aandeelhouers vir dividende | 120 000 | 160 000 |

**C. Nie-bedryfsbates:**

- Ou toerusting is teen drawaarde vir kontant, R48 000, verkoop.
- Aanbouings tot die geboue gedurende die finansiële jaar is voltooi.
- Die vaste deposito het gedurende die jaar verval, rente van R22 500 is ontvang teen 4,5% rente p.j.

**D. Aandelekapitaal:**

- Die gewone aandelekapitaal op 1 Maart 2024 het uit 800 000 gewone aandele bestaan. 'n Verdere 200 000 aandele is op hierdie datum uitgereik.
- Op 28 Februarie 2025 het die maatskappy 90 000 aandele teruggekoop teen R81 000 meer as die waarde van die aandele, gebaseer op die gemiddelde aandeelprys. Hierdie aandeelhouers kwalifiseer vir finale dividende.

**E. Dividende en Verdienste:**

| | **28 Februarie 2025** | **29 Februarie 2024** |
|---|:---:|:---:|
| Tussentydse dividend | 28 sent | 60 sent |
| Finale dividend | 12 sent | 20 sent |
| Verdienste per aandeel | ? | 94 sent |

**45**

## VRAAG 3: INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE INLIGTING (35 punte; 30 min)

**3.1 Jy word voorsien van inligting rakende REDBULL Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025. Die maatskappy is op die aandelebeurs genoteer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 2 miljoen gewone aandele.**

**GEVRA:**

**LET WEL:** Verskaf in ELKE geval syfers, finansiële aanwysers of berekeninge om jou kommentaar en verduidelikings te ondersteun.

3.1.1 **Solvensie en Likiditeit:**

- Lewer kommentaar oor die solvensie van die maatskappy. Haal EEN finansiële aanwyser met syfers aan.
- Verduidelik waarom die direkteure bekommerd is oor die verandering in die likiditeit van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (6)

3.1.2 **Verdienste, opbrengs en aandeelprys op die JSE:**

- Lewer kommentaar op die % opbrengs en verdienste per aandeel van die maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan.
- Lewer kommentaar oor die aandeelprys op die JSE en hoe die % opbrengs en verdienste per aandeel die aandeelprys beïnvloed het. Haal syfers aan. (8)

3.1.3 **Risiko en Hefboomfinansiering:**

Verduidelik hoe die lening die risiko en hefboomfinansiering beïnvloed het en of dit 'n goeie idee was om die lening te verhoog of nie. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (6)

3.1.4 **Aandeelhouding:**

**Verwys na Inligting D:**

Die direkteure het besluit om die bestaande aandeelhouers een aandeel aan te bied vir elke vyf aandele wat hulle op 1 September 2024 besit het, teen 'n prys van R6,50 elk. Speed Scott besit tans 48% van die aandele van REDBULL Bpk. Scott was een van die min aandeelhouers wat besluit het om hierdie aanbod te aanvaar.

- Lewer kommentaar op die uitreikingsprys wat deur die direkteure besluit is. Haal syfers aan.
- Verduidelik hoe Scott se besluit sy % aandeelhouding beïnvloed het. Verskaf 'n berekening om jou verduideliking te ondersteun.
- Gee TWEE redes waarom Scott miskien hierdie besluit gemaak het. (9)

3.1.5 **Dividende:**

- Een van die direkteure voel dat die Dividenduitbetalingskoers (%) konstant moes gebly het. Met ’n berekening, gee EEN moontlike rede vir sy mening.
- **Verwys na inligting E**

  Verduidelik (met syfers) waarom een van die aandeelhouers, Hannah McMillan, voel dat die dividende wat sy in REDBULL Bpk. verdien nie so goed is soos dié wat sy in BLUEBULL Bpk. verdien nie. (6)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Finansiële State:**

| | **28 Februarie 2025** | **29 Februarie 2024** |
|---|---|---|
| Nettowins na belasting | R612 000 | R720 000 |
| Lening van Max Bank | R3 500 000 | R2 000 000 |

**B. Finansiële aanwysers en verhoudings bereken:**

| | **2025** | **2024** |
|---|---|---|
| Skuld-ekwiteit verhouding | 0,4 : 1 | 0,3 : 1 |
| Totale bates : Totale laste | 2 : 1 | 5 : 1 |
| Bedryfskapitaalverhouding | 2,4 : 1 | 2,1 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,8 : 1 | 1,4 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | 5 keer | 8 keer |
| Verdienste per aandeel | 72 sent | 96 sent |
| Dividende per aandeel | 48 sent | 48 sent |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 5,7% | 8,6% |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 6,2% | 11,6% |
| Nettobatewaarde per aandeel | 732 sent | 900 sent |

**C. Bykomende inligting:**

| | **28 Februarie 2025** | **29 Februarie 2024** |
|---|---|---|
| Markprys van aandele op JSE | 840 sent | 920 sent |
| Rentekoers op beleggings | 6,5% | 6,5% |
| Rentekoers op lenings | 12% | 10,5% |

**D. Aandeelhouding van Speed Scott:**

| | **Aantal aandele** | **Prys per aandeel** |
|---|---|---|
| **REDBULL Bpk. is in 2013 gestig** | | |
| **Totale REDBULL Bpk. aandele uitgereik** | | |
| Op 29 Februarie 2024 | 750 000 | |
| Op 28 Februarie 2025 | 850 000 | |
| **Aandele gekoop deur Speed Scott** | | |
| Op 1 Maart 2021 | 360 000 | 650 sent |
| Op 1 September 2024 | ? | 650 sent |

**E. Aandeelhouding van Hannah McMillan in twee maatskappye:**

| | **REDBULL Bpk.** | **BLUEBULL Bpk.** |
|---|---|---|
| Dividende per aandeel vir 2025 | 48 sent | 34 sent |
| Uitreikprys van aandele | 920 sent | 400 sent |
| Aantal aandele in maatskappy | 30 000 aandele | 30 000 aandele |

**35**

**VRAAG 4: OUDITVERSLAE EN KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 10 min)**

**4.1 Daar is drie tipes onafhanklike ouditeursverslae. Gee vir elk van die volgende bewoordings (4.1.1 tot 4.1.3) die korrekte tipe verslag wat die ouditeure sal uitreik:**

4.1.1 Na ons mening, behalwe vir die effek van …, verteenwoordig die jaarlikse finansiële state in alle wesenlike opsigte billik.

4.1.2 Na ons mening word die jaarlikse finansiële state in alle wesenlike opsigte billik aangebied….

4.1.3 As gevolg van die belangrikheid van die aangeleentheid wat beskryf word …, kon ons nie genoegsame ouditbewyse bekom om ’n basis vir ’n ouditmening te verskaf nie. (3)

**’n Artikel op die volgende bladsy is uit ’n plaaslike koerant gehaal. Lees die uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg. Gebruik jou algemene kennis van maatskappye en korporatiewe bestuur om jou antwoorde te ondersteun, indien nodig.**

**GEVRA:**

4.2 **Verwys na Paragraaf 1.**

Verduidelik waarom direkteure in die prys van hul maatskappy se aandele op die JSE moet belangstel. (2)

4.3 **Verwys na Paragraaf 2.**

4.3.1 Verduidelik waar, hoekom en wanneer die finansiële state en ouditverslag na verwagting aangebied sal word. (3)

4.3.2 Die finansiële hoof van Sasfin Holdings Bpk. het beklemtoon dat die handhawing van finansiële data-integriteit noodsaaklik is vir die maatskappy om akkurate verslagdoening en nakoming van regulasies te verseker. Noem TWEE praktyke wat kan help om die integriteit van rekeningkundige rekords binne die maatskappy te handhaaf. (4)

4.4 **Oorweeg die volgende scenario hieronder wat in ’n besigheid ontstaan het.**

- Lewer kommentaar oor die HUB se keuse om sy aandele te verkoop.
- As ’n aandeelhouer, hoe sal jy in hierdie geval reageer? Noem EEN punt.
- Noem EEN gevolg vir die skuldige party. (3)

**Scenario**

*Warren Wheatley, die HUB van ’n maatskappy kom te wete voor enigiemand anders dat die maatskappy ’n groot kontrak met die regering gaan verloor. Dit sal ’n baie groot negatiewe impak op die wins van die maatskappy hê. Hy besluit om sy aandele te verkoop voordat hierdie nuus bekend word.*

**INLIGTING:**

**Uittreksel uit 'n artikel in BusinessTech op 14 Oktober 2024:**

**Nuwe maatskappylys op die JSE**
Luke Fraser 14 Okt. 2024

**Paragraaf 1**

*Private beleggingsplatform Alvest Capital het by die Johannesburgse effektebeurs (JSE) aangesluit. "Om op die JSE te noteer is 'n strategiese stap wat ons sal help om meer beleggers te bereik en hierdie beleggings- en befondsingsgeleenthede vir almal te verbeter." het Warren Wheatley, uitvoerende hoof van Altvest Capital, gesê.*

*"Ons verwelkom Altvest en ander maatskappye wat groei moontlik maak en toegang tot meer likiditeit, breër marktoegang en 'n wyer beleggerspoel wil hê," sê Valdene Reddy se direkteur van kapitaalmarkte by die JSE.*

*Altvest lys met die volgende inligting:*

*1 miljoen gewone aandele met 'n uitreikingsprys van 650c elk.*

**Paragraaf 2**
**Verlaat die JSE**

*Sasfin Holdings Beperk wil van die JSE denoteer.*

*Sasfin het gesê dat sy denotering deel vorm van 'n strategiese herposisionering wat daarop gemik is om waarde vir Aandeelhouers oor die kort tot mediumtermyn toe te voeg.*

*Die groep het talle teenwinde in die gesig gestaar, 'n belastingeis van byna R5 miljard van die SAID, en versuim om sy finansiële resultate binne die vereiste tydperk te publiseer.*

*Die finansiële hoof van Sasfin Holdings Bpk. het beklemtoon dat die handhawing van finansiële data-integriteit noodsaaklik is vir die maatskappy om akkurate verslagdoening en nakoming van regulasies te verseker.*

*[Bron:* New company lists on the JSE – BusinessTech*]*

**15**

## GROOTTOTAAL: [150]

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Nie-bedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde Nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.